

12 Mei Matteus 18:1-5

(Teks: 18: 1-3)

Gods koninkryk is vir kinders bedoel

Dit is vir elke mens belangrik om belangrik te wees. Die vraag is nou: Wie is werklik die belangrikste, die belangrikste veral voor God? Die dissipels vra hierdie vraag. En Jesus beantwoord hierdie vraag. Hy beantwoord die vraag deur 'n kindjie nader te roep. Kyk 'n Kleintjie tussen die grotes. Die dissipels wil weet wie is die belangrikste, die grootste en Jesus roep 'n kindjie.

As Jesus 'n kindjie roep en in hulle midde plaas, vestig Hy die aandag van hulle wat na die nommer een vra op iemand wat duidelik die mindere is (iemand wat versorging en leiding en tug nodig het om groot te kan word).

Jesus wil sê: Die dissipels moet soos kinders deur sy roep in die Ryk van die Koning ingebring word. Kinders bestuur nie maar word gestuur. Wie voor God in sy koninkryk belangrik is, word daar ingeroep en geen mens stap selfvoldaan daar in nie. Belangrik wees is om jou die Godsryk te laat binnelei soos Jesus die kindjie na Hom geroep het.

Die grootste in Gods Koninkryk is die mens wat groot genoeg is om kinderlik klein te word en geroep en gelei te word:

nederig, natuurlik, opreg, beskeie, sonder aanstelling, kinderlik gehoorsaam as die Here roep.

Doen soos Jesus gedoen het: Kind van sy Vader, volkome. Kinderlik gedien. Die minste. Op die stem van sy Vader geag. Die vraag is: Is u werklik kind? Kind voor God? Kind van God? Geliefde kind?

Dan is u een van die grootstes in Gods koninkryk.

Sing Psalm 18:1,12,14Ds. P.H. Heystek (Pretoria - Magalieskruin)